PLATINUM Weekblad/Weekly



# SPORT

## Week 9



## SUPERUGBY 2019

**Crusaders vs Highlanders**
In Christchurch behaal die Saders hulle 24ste agtereenvolgende oorwinning op hul tuisvelde en wen die Highlanders met 43-17. Die Saders is los voor op die Nieu-Seelandse konferensie met 34 punte. Die Highlanders speel volgende teen die Blues in Dunedin met die Crusaders wat 'n loslootjie beleef.

**Rebels vs Stormers**
Die Kapenaars sluit hulle toer daar onder af met 'n goeie oorwinning oor die Rebels in Melbourne. Vir Steven Kitshoff was dit 'n goeie dag op kantoor met sy eerste *game* as kaptein – om die Rebels met 41-23 te troef. Die Stormers beklee tans die vierde plek op die SA konferensie en die Rebels is nog steeds bo-aan die Aussie konferensie.
Die Stormers speel volgende teen die Brumbies in Kaapstad met die Rebels wat in 'n Aussie derby teen die Waratahs in Sydney gaan uitdraf.

**Chiefs vs Blues**
In 'n aanskoulike *game* in Hamilton slaag die Chiefs daarin om die Highlanders naelskraap met 33-29 te troef. Vir die fynproewers was daar nege skitter drieë aangeteken.
Die Chiefs speel volgende teen die Leeus in Hamilton met die Blues wat teen die Highlanders in Dunedin te staan kom.

**Brumbies vs Leeus**
Die Leeus se maanhare word weer geknoop in Canberra en verloor 31-20 teen die Brumbies. Volgens *coach* Swys is wen nie alles nie – en o aarde ou grote, dit klink nie so vars nie! Die enigste lig in die tonnel is die terugkeer van Warren Whiteley wat ook dan weer die leisels as *cappie* gaan oorneem.
Die Johannesburgers speel volgende teen die Chiefs in Hamilton met die Brumbies wat SA toe reis om teen Stormers in Kaapstad kragte te meet.

**Haaie vs Jaguares**
As *coach* Robert en kie op 'n bootjie geklim en die see ingevaar het, sal niemand hulle seker kan verkwalik nie... En hierdie is nie 'n April grappie nie ou grote. Die Haaie kry 'n rugby les by die Jaguares en verloor 51-17!
Die Haaie speel volgende teen die Reds in Durban en sal hopelik opdaag vir die een. Die Argentyne het 'n loslootjie in week 9.

**Bulle vs Reds**
Die Bulle lewer 'n skaflike vertoning in Pretoria voor 7,000 toeskouers en klop die Reds 32-17. RG Snyman se terugkeer kon nie op 'n beter tyd vir die Bulle gekom het nie; hy was 'n kolos ou grote! Met hierdie oorwinning beklee die Bulle dan nou ook die eerste plek op die SA konferensie.
Die Bulle verdien dan 'n loslootjie in week 9 met die Reds wat Durban toe reis om teen die Haaie uit te draf.

**Nag ou grote....**

* En so terloops, die Blitsbokke lewer 'n verbysterende vertoning in Singapoer om 0-19 agter te loop teen Fidji, en dan wonderbaarlik terug te kom om die toernooi 20-19 te wen... Fenomenaal! Eer aan die jong manne wat oornag ysters geword het.

* En die Maties klop toe die Tuks in die Varsity Beker finaal 34-12.

SUPER RUGBY

# RHS SWEM VIR 'N WEN

**Rustenburg** – Swemmers van Hoërskool Rustenburg (RHS) is voorwaar soos visse in die water! Hierdie leerlinge het aan die Suid-Afrikaanse vlag een en twee kompetisie deelgeneem op 16 en 17 Maart asook van 3 tot 5 April in Lebone, Rustenburg. Alhoewel elkeen van hierdie leerders oor 'n besondere swemtalent beskik, is dit ook as gevolg van harde werk, opoffering en toegewydheid dat RHS kan koning kraai. Baie geluk aan die volgende leerlinge met hul prestasies:

- Lisamey Nel – vier goue medaljes, twee silwer medaljes en een brons medalje.
- Morné du Plessis – vier goue medaljes, een silwer medalje en drie brons medaljes.
- Hendre van den Bergh – een silwer medalje en een brons medalje.
- Caitlin Viljoen – deelname.
- Sybrandt Byleveldt – deelname.

Jana en Pieter Coetzé het van 8 tot 12 April aan die senior nasionale swem kampioenskappe te Durban deelgeneem en die volgende prestasies behaal:

- Jana het gekwalifiseer om aan die finaal deel te neem.
- Pieter het 'n goue medalje in die o/18-kategorie, 'n brons in die 50m rugslag en ook 'n vierde plek in die 100 m rugslag behaal. Pieter het ook gekwalifiseer om na die Junior Wêreld kampioenskappe in Boedapest deel te neem.


Van links: Pieter Coetzé en Jana Coetzé.


Van links: Morné du Plessis, Caitlin Viljoen, Sybrandt Byleveldt, Hendre van den Bergh en Lisamey Nel.

# LOOK WHO'S GOING TO THE UK!

**Rustenburg** – Atletico Football Club, Rustenburg, is a SAFA-registered amateur football club focusing on age group teams with school-going players ranging from 11 to 19 years of age. The group was founded by Eddie Pienaar with a vision for youth development and community upliftment. The club aims to teach young lads about discipline, respect, vision and sportsmanship – essential to character development.
An awesome opportunity has arisen for a team from the club to take part in the Manchester Easter International Cup... A youth event that includes coaching, clinics and great exposure.
The club decided to launch a major fund-raising effort in an attempt to send at least one team from Rustenburg of young players to the United Kingdom (UK).
Players, parents and club management mobilised and began a long journey to work towards a goal that would inevitably be a life-changing experience for a team of u/15 football players. Various individuals and companies donated to this cause and this remarkable team of 13 players, a coach and a parent, boarded their flight to the UK on Tuesday 16 April.
During their send-off ceremony on Sunday 14 April Eddie said: "It is not always about talent; it is about drive. We must teach our kids to aim higher. In the beginning it seemed impossible… All we had was hope. With enough drive we managed to make the impossible possible. We want to change the lives of these 13 boys by giving them the chance to experience a new country and make their world a little bigger."
For more information, contact chairman Eddie Pienaar on 082 267 9813 or head coach 078 337 3534 or administrator Patrick Fann on 082 337 3534.


The u/15 team, their parents, coaches and club management.


From left: Thebogo Mojalefa, Molebogeng Mojalefa and Motsogi Mojalefe. Sisters Thebogo and Motsogi is very proud of their older brother going to the UK.

Send your event listing to news@platinumweekly.co.za ** Free Placement!

# PLATINUM EVENT DIARY

| PW EVENTS | Date | Venue | Tel | Email |
|---|---|---|---|---|
| Art Competition Entries Now Open (Closing Date) | 22 Apr '19 | Rustenburg | 083-746-2239 | cathy@wessa.co.za |
| South Coast Bike Fest | 26-28 Apr '19 | Margate | 083-653-1720 | media@oliviajones.co.za |
| RUSTIE-FEES-OMMIE-VUUR | 27 Apr '19 | RTB: Hoërskool Rustenburg (RHS) | 014-592-1365 | skakel@hsrtb.co.za |
| Rugby Fun Day for Jaco Fourie | 27 Apr '19 | RTB: Impala Rugby Club | 082-926-8403 | naas.olivier@newrak.co.za |
| BirdLife Rustenburg Monthly Outing | 27 Apr '19 | Swartruggens | 083-702-1462 | george@mathewsqs.co.za |
| Hartklop Plaasfees | 1 Mei '19 | ATKV Buffelspoort | 083-627-2511 | office@agape.co.org |
| Elandrè Schwartz | 3 Mei '19 | RTB: Die Tarentaal Teater | 082-782-3019 | anita@tarentaalteater.co.za |